

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 83

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

GOEIE VRYDAG . . . OF NIE

Die son was besig om oor die Olyfberg op te kom. Dis Vrydag. Jerusalem is in rep en roer. Ja, dis die fees van die pasga, maar daar is veel meer in Jerusalem aan die gang. Vandaar die opgewondenheid, die gepraat en beduiery.

Die Joodse Raad het die Rabbi Jesus van Nasaret die vorige nag gevange geneem. Daar is kort mette met Hom gemaak. Hy het godslasterlik gepraat, sê hulle, Homself die Seun van God genoem. Daarvoor is daar net een straf: Hy is tot die dood veroordeel.

Dis 'n paar uur later. Pilatus moes uit vrees vir 'n opstand, teen wil en dank, die Joodse Raad se doodsvonnis bekragtig, Hom uitlewer om gekruisig te word. Daar hang Hy nou!

* * *

Die Seun van God, het Hy gesê. Die een wat sal sterf om die toorn van die Allerhoogste teen die sonde te stil, wat gekom het om die skuld van hulle wat in Hom glo te betaal.

Kan dit waar wees? Hoe sal ons weet?

Die Jode het 'n tyd vantevore al vir Hom gevra om vir hulle 'n teken te gee dat wat Hy doen en sê op Hoër Gesag geskied, dat dit waar is. Hy het gesê: "Geen teken sal aan jul gegee word nie, behalwe die teken van Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees".

Hier sal die beslissing dus val: Sal Hy lewendig uit die hart van die aarde kom, soos Jona uit die vis gekom het, dan is sy aanspraak gegrond, dan is hierdie Vrydag werklik 'n goeie Vrydag, want dan is ook die aanspraak waar dat Hy die sonde van sy volk wegneem. En dan moet u en ek in Hom glo.

Het Hy opgestaan?

Oordeel self, hier is die getuienis:

Sy dissipels hou vol, selfs in die aangesig van die doodstraf te ontvang, en hulle bevestig dit met tekens: Hy het opgestaan!

Paulus roep 'n hele wolk van getuies op om hiervoor te getuig. In sy brief aan die Korinthiërs daag hy die twyfelaars as't ware om self te gaan ondersoek instel, want sê hy: Christus het na sy dood verskyn aan:

- + Cefas;
- + daarna aan die Twaalf (die apostels);
- + daarna aan oor die vyfhonderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe (mense, gaan doen asseblief navraag!);
- + daarna het Hy verskyn aan Jakobus;
- + daarna aan al die apostels;
- + daarna aan my (ek praat nie van hoorsê nie!).

Dit is alles getuienis wat getoets kan word.

Hy is keer op keer gesien!

Dit kan dus nie betwyfel word nie: Hy het opgestaan! Dit wás Goeie Vrydag. Hy is die Christus, die Seun van God, die Verlosser van sy volk. U moet dit glo! Hy het dit bewys!

RUS...

AAN DIE KRUIS

Opmerklik is dit dat die Bybel in Joh. 19:30 sê: "En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee".

Die dood het Jesus nie skielik en onvoorbereid gevang nie. Die dood het Hom nie vasgegryp nie. Sy dood was 'n daad — Hy het doodgegaan. Want daarvoor het Hy gelewe — om te sterwe.

Wonderlik ryk is die inhoud van God se Woord juis op hierdie punt. Daar staan geskrywe dat Hy sy hoof gebuig het.

Om dit ten volle te verstaan, moet ons terugblaai na Lukas 9:58 waar staan: "Die jakkalse het gate en voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie".

Dit sien op Jesus se armoede. Maar meer nog daarop dat Hy werk gehad het om te volbring. En Hy is haastig om dit klaar te kry. Oral is Hy tot arbeid geroepe, sodat daar geen stilstand of rus vir Hom is nie. Totdat...

Totdat Hy aan die kruis vasgespyker is. Ja, eers aan die ruwe vloekhout kan Hy sy hoof neerlê, as Hy sy hoof dáár buig. Want dieselfde Griekse woorde word in albei hierdie tekste gebruik.

Geen rus vir Jesus vóór die kruis nie. Dit was die hoogtepunt en doel van sy lewe. En aan die einde van die kruislyde, as alles volbring is, vind sy hoof rusplek aan die kruis.

Dit is dan 'n fontein van troos vir die gelowiges van alle tye en plekke. Ook vir ons vandag, in hierdie gejaagde rustelose lewe.

Daar is rus by Jesus. Nie meer hoef ons te swoeg en te sweet in 'n poging om God se wet te volbring om ons skuld teenoor God te betaal nie. Ja, al swoeg jy ewiglik, dan sal jy dit tog nooit behaal nie.

Sondaarmens, jy begin deur te glo in Jesus, deur in Hom te rus, want Hy het die stryd volstry, die taak volbring, aan God se wil voldoen, God se toorn gestil. Hy vir jou en vir my!

Só begin ons week met die Rusdag. En al ons ander dae is toewyding aan God en vreugdevolle diens van dank.

D. Kempff.

Moenie vrees nie!

**HY HET
OPGESTAAN**

En laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te kyk.

En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.

En sy gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu.

En uit vrees vir hom het die wagtters gebewe en soos dooies geword.

Maar die engel antwoord en sê vir die vroue; Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.

Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het; en gaan haastig, sê vir sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galiléa. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê.

En hulle het haastig weggegaan van die graf met vrees en groot blydschap, en gehardloop om dit aan sy dissipels te vertel.

En terwyl hulle op weg was om dit aan sy dissipels te vertel, kom Jesus hulle meteens teë en sê: Wees gegroet! Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom.

En Jesus sê vir hulle: Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galiléa moet gaan: en daar sal hulle My sien. (Matthéus28:1-10).

Paasfees...

OPSTANDING

Paasfees bring die opstanding van Jesus Christus skerp na vore.

Ek sien jy glimlag skepties as ons van 'n opstanding praat.

Waarom doen jy dit?

Sien jy nie in die ganse skepping die waarheid op aangrypende wyse verkondig word dat die lewe uit die dood ontkiem nie?

Die koringkorrel moet eers in die grond sterwe voordat die aar kan ontkiem.

Die winter moet met sy groue doodsheid eers kom voordat die lente met sy groen kan pstaan.

Eers moet die donkerheid van die nag gebore word voordat die lonkende dag daarna kan ontwaak.

Dieselfde weg moes onse Here Jesus Christus ondergaan. Hy moes in die diepte van die dood ingaan om op die derde dag op te staan.

Jy vra wat is die betekenis van die opstanding van Jesus Christus. Wel, eerstens ons

REGVERDIGMAKING

Om dit vir jou te verklaar wil ons jou in 'n geregsaal by die regbank bring: God is die Regter wat die mens wil straf omdat hy teen God sondig. Die aangeklaagde is die sondaarmens wat onregverdig voor God geword het. Die aanklaer is die duiwel en die mens se eie gewete wat getuig dat die mens skuldig is. Die wetboek is die wet van die Here waarvan geskrywe staan: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."

En die Advokaat? Dit is onse Here Jesus Christus wat aan die kruishout gesterf, maar op die derde dag opgestaan het. Hy tree nou na vore, nie om goed te praat wat krom is nie, maar om goed te maak. Die Advokaat sê nie dat Satan lieg nie, maar Hy wys die Regter daarop dat Hy vir die aangeklaagdes gesterf het en Hy pleit dat die Vader die beskuldigdes moet vryspreek op grond van sy verdienste.

En wat doen die Regter? Sonder enige verdienste aan ons kant, uit louter genade word die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus die sondaar geskenk en toegereken, asof hy nooit enige sonde gehad of gedoen het nie.

My vriend, is die geregtigheid wat Christus vir ons verwerf het ... jou persoonlike eiendom? Luister wat sê Gods Woord (Joh. 6:37): "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie."

Maar die opstanding van Christus spreek ook nog van ons

HEILIGMAKING

As Jesus die geregtigheid aan ons skenk, gebeur iets geweldigs in ons lewe: net soos Christus uit die graf opgestaan het, staan ons op uit die graf van die sonde. Ons word deur die krag van Christus opgewek tot 'n nuwe lewe.

Hierdie nuwe lewe is heeltemal anders as die ou, sondige lewe. Dit is van hemelse oorsprong. As ons waarlik uit die opstanding lewe, word ons nuwe mense. Ons leef uit 'n ander beginsel,

ons dink anders en doen anders as voorheen. Ons kan die nuwe lewe ook beskryf as die lewe van Christus in ons. Waar die regverdigmaking 'n werk van Christus vir ons is, is die heiligmaking sy werk in ons. Sy Heilige Gees brand die sondes meer en meer weg uit ons lewe en laat die beeld van Jesus Christus meer en meer in ons toeneem.

Natuurlik, vriend, beteken dit nie dat die gelowiges volmaak heilig is nie. Ek weet dat jy vandag met die vinger na baie Christene kan wys wat 'n onheilige lewe lei. Ja, terwyl ons nog op die aarde lewe is daar 'n gedurige stryd tussen die heilige lewe in ons en die onheilige lewe van die sonde . . . maar die gelowige weet: deur die geloof in Jesus Christus sal hy oorwin en daarom stry hy . . . totdat aanstons die dood hom wegneem en dan eers is hy volmaak heilig.

My vriend, ook vir jou het Christus gesterf om jou te bring tot 'n heilige lewenswandel tot eer van God!

Maar daar's nog 'n heerlike weldaad: die opstanding van Christus wys ook op ons

HEERLIKMAKING

Daar is seker niks wat die mens vuriger begeer as die ewige lewe nie.

Ons sien dit reeds by die heidendom: hulle letterkunde is vol daarvan; hulle godsdienstige seremonies en tempels wys daarheen. Selfs die moderne ongeloof wat die opstandingsgeloof prysgegee het, glo nog in 'n soort spiritistiese voortbestaan van die mens na sy dood.

Die ewige lewe het werklikheid geword deur die opstanding van Jesus Christus. Omdat Hy opgestaan het sal ons ook eendag opstaan en saam met Hom lewe tot in ewigheid.

Ook jy, my vriend, sal eendag opstaan. Maar as jy volhard om Jesus Christus te verwerp, sal dit 'n opstanding wees *om in die verderf die helse smarte te ondergaan.*

C. J. Malan.

O God, so met my lot begaan

Ps. 63:3 en 4 (berymd)



*Ek wil U prys my lewe lank,
my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer
my siel versadig word, o Heer!
My mond sal jubelend U noem,
my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde in nag versink —
dan sal ek peinsend aan U dink.*

*U was, o God, 'n hulp vir my.
U het u vleuels uitgesprei
om met beskerming my te dek
en jubels in my hart te wek.
O God, só met my lot begaan,
hoe kleef my siel U agteraan!
Vertrouensvol op U geleun,
voel 'k hoe u hand my ondersteun.*

KRITIEK TEEN DIE KERK

Is u ook een van die vele wat kritiek teen die Kerk het?

Kerklike verdeeldheid

Wys u ook graag op die feit dat daar so "baie kerke" is en dat hierdie "baie kerke" onderling so liefdeloos kan optree? En dit terwyl die sentrale tema van hulle boodskap niks anders as liefde wil wees nie, die liefde van God tot die mens, van die mens tot God en van die medemens tot die medemens! Het u moeite met die vele godsdiensoorloë wat vele Christene teen mekaar geveg het — en selfs nou nog veg! — en voel u dat die Christene en die kerke deur hulle inkonsekwente, tweeslagtige en twyfelagtige optrede hulle hele boodskap onwaaragtig maak?

U ken tog die bekende woorde van die Boeddhis, Ghandi: "Ek hou van die Christus van die Christendom, maar nie van sy navolgers, die Christene, nie?"

Kerklike koudheid

U verwyt die Kerk, dit is die lidmate, dikwels van koudheid. U het miskien al 'n erediens bygewoon en moontlik daarna gehunker om iets te ervaar van die Christelike belydenis van "die gemeenskap van die heiliges". U het gewens dat iemand u voor die diens sou welkom heet en ná die diens aan ander mense sou voorstel, en — niks daarvan. U was miskien in 'n noodsituasie en die dominee of ouderling het u saak onbeholpe hanteer en laat verpletter. U sien miskien min die beeld van Christus by die lidmate, die ouderlinge, diakens en predikant. Die Kerk lyk baie maal vir u soos 'n klub, met 'n bestuur, reglemente, organisasie. Die "kerklike instituut" vind u in sy huidige gestalte nie meer houdbaar en funksioneel nie —

Kerklike afsydigheid

U vind miskien dat die Kerk te afsydig staan ten opsigte van die groot wêreldvraagstukke, soos oorlog en vrede, armoede en rykdom, die oorbevolkings-vraagstukke . . . Vind u dit moeilik rymbaar om enersyds te hoor dat die Kerk net aandag moet gee aan "kerklike sake", terwyl andersyds tog beweer word dat die lig van die Woord van God op alle lewensterreine moet val, omdat Christus heerskappy voer oor die hele wêreld? U meen dat die Kommunisme en die Humanisme die onbetaalde rekeninge van die Kerk is, omdat, terwyl die Kerk somtyds sy tyd verkwis met strydpunte oor ampsgewade, ordereglemente en kerkgeboue, die Kommunisme dit opneem vir die armes in die wêreld? U sou miskien waardering kon hê vir 'n Kerk wat Christus navolg op al sy weë, maar vir 'n terughuiwerende en bevreesde Kerk het u nie veel tyd nie.

'n Antwoord

Baie van u kritiek bevat veel waarheid. Net maar, u lysie is nog te kort! Die gebrokenheid, feilbaarheid en sonde van die kerke is nog veel meer! — veel meer as wat u genoem het en nog sou kon noem. Die Kerk erken dat daar niks aan hom volmaak en ongebregtig is wat nie steeds weer korreksie en verbetering verdien nie. Die volmaakte wese sonde is God alleen, 'n tweede bestaan nie. As ons dus praat van 'n "heilige" Kerk, dan bedoel ons daarmee nooit 'n "sondelose" Kerk nie.

Daarby moet u goed verstaan dat die Kerk nooit kom met die boodskap van die "koninkryk van die Kerk" nie, maar met die boodskap van die "Koninkryk van God". Die Kerk wys nooit na homself nie, maar weg van homself na God se reddende en vernuwende genade in Jesus, die Messias. Dat God die sonde uit die wêreld opruim en die wêreld nuut maak deur Jesus Christus en sy Gees, dit is die blye boodskap.

Indien u dus ingeskakel word by die Kerk deur doop en belydenis van die naam van die Here Jesus Christus, dan word u in 'n gebroke gemeenskap ingeskakel, maar 'n gemeenskap wat dankbaar die groot dae van God aan die mens en wêreld verkondig.

'n Sinvoller lewe is nouliks denkbaar.

J. H. van Wyk.

Waar is 'n lot?

Ek het geklae omdat ek nie skoene het nie, totdat ek 'n man gesien het wat nie voete het nie.

So gaan dit dikwels.

So het dit met Jerusalem gegaan.

Na die verwoesting van die tempelstad treur die puinhope van Jerusalem by monde van die klaagsanger: "Kyk of daar 'n smart is soos my smart" (Klaagl. 1:12).

Die smart van Jerusalem wás baie groot.

Stad van God.

In die tempel het Hy by sy volk gewoon.

As God sy eie tempel laat verwoes en uit die midde van sy volk padgee, is die tragedie volslae.

Om van God verlate te wees.

Waar is 'n smart so groot soos dié?

* * *

Waar is 'n smart soos myne?

Dis 'n egmenslike vraag.

Na die dood van sy twee kinders het Totius hierdie vraag in 'n onvergeetlike gedig gestel. Eers oor sy eie droefheid. Maar toe ontmoet hy 'n vrou. Haar man is op die trekpad in die wildernis dood. Sy self het 'n kis van plankies aanmekaar gespyker.

Sy alleen met behulp van 'n bediende het hom begrawe.

* * *

Toe die digter vra: waar is 'n smart wat soos háár smart is, het sy hom op Jesus gewys.

Waar is 'n smart soos sy smart?

"Meneer, ek was verlate,
maar nie soos Hy: van God verlate.
Ek was benoud ja, tot die dood,
maar nie soos Hy, tot in die hel toe.
Die hemel bo was altyd ope,
die hel was onder altyd toe,
so was 't vir my om Jesus wille".

* * *

Om Jesus wil.

Waar is 'n smart wat so groot as sy smart is?

Die verwoesting van Jerusalem wat deur God verlaat is, was verskriklik.

Maar vreesliker was dit toe die Seun van God, die ware tempel van God, verwoes is.

My God, my God waarom het U My verlaat?

Kyk of daar 'n smart is soos sy smart.

Om my ontwil.

* * *

Ek het gekla omdat ek die eensaamheid van die siekekamer moes ingaan, totdat ek beseft het dat Hy aan die eensaamheid van die kruis gehang het.

Borgtogtelik.

In my plek.

Nou sal ek nie meer vra: Waar is 'n lot wat soos my lot so hard is nie.

Ek sal eerder vra: Waarom moes my Here Jesus Hom tot in die hel verneder?

Uit my katkisasiedae ken ek die antwoord: "Dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyde (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het" (H. Kategismus XVI, 44).

P. W. BUYS.

SO KOM U IN DIE HEMEL ?

Wil u hemel toe gaan?

Vermoedelik sal u sê: Ja, natuurlik, wie wil dan nie hemel toe gaan nie!

Dan het ek nog 'n vraag: Weet u hoe u daar moet kom?

Weer hoor ek u antwoord: As ek ordentlik lewe, vir almal gee wat hulle toekom en so nou en dan iets vir liefdadigheid afstaan, sal God my seker daar bring.

As dit u enigste en volledige antwoord sou wees, kan ek nou al vir u sê dat u die **hemel nooit sal sien nie**.

Waarom nie?

Omdat die Bybel, die Woord van God, vir ons duidelik sê vir watter soort mense die hemel eenmaal oop sal staan en vir wie dit gesluit sal wees.

Die hemel word nie vir mense belowe net omdat hulle goed geleef het nie. Mens gaan nie die hemel binne bloot omdat daar niks slegs van jou gesê kan word nie. Die hemel word nie soos 'n medalje toegeken vir baie jare getroue diens nie. Dit word nie oopgestel as 'n beloning vir sekere prestasies wat 'n mens hier op aarde verrig het nie.

Weet u waarom u op grond van so 'n antwoord nie in die hemel sal kom nie? Omdat die hemel 'n heilige plek is. Dit is die woonplek van God, van die engele en van die gesaligdes. Daar is niemand of niks wat onheilig en sondig is nie. Daarom kan u of ek of wie ook al nie uit onself die hemel binnegaan nie. En ons deugsame lewe sal ons ook niks help nie. Ons sogenaamde "goeie werke" verleen ons geen toegang nie.

Hoe dan?

Daar is egter tog 'n moontlikheid dat mensekinders eenmaal in die hemel sal kom. Die moontlikheid bestaan deur Hom wie se naam ek nog nie genoem het nie, maar wat ook in die hemel is: Jesus Christus, die ewige Seun van God.

Toe Hy op aarde was, het Hy oor baie sake gespreek, ook oor die Koninkryk van God wat nou reeds bestaan en wat eenmaal in sy volle heerlijkheid sal kom.

Maar om die toegang tot die hemel vir die kinders van God moontlik te maak, moes Hy eers ly en sterf. Aan die kruis het Hy die sondelas van hulle wat in Hom glo, gedra. Op die derde dag na sy dood het Hy egter opgestaan en daarmee bewys dat Hy alle mag in hemel en op aarde het, ja selfs mag oor die duiwel en die dood.

En omdat Hy sy middelaarswerk voltooi het, het Hy daarna na die hemel opgevaar om in heerlijkheid aan die regterhand van God te gaan sit.

Nou is die hemel wat vir sondaars gesluit was, weer oop vir dié sondaars wat vergewing vir hulle sondeskuld gesoek en gevind het by Hom wat aan die kruis gehang het en wat nou in die hemelse heerlijkheid is.

Wil u ingaan?

Ek glo graag dat u hemel toe wil gaan. Maar om in dié heilige plek te kan aankom, moet u geheilig wees deur die bloed van Jesus Christus. U moet glo in Hom as u Verlosser, in die Heilige Gees as die Vernuwer van u lewe en in die Vader as u Onderhouer en Beskermer.

Waar kom die geloof, wat ons so nodig het, dan vandaan?

Soos alle ander dinge kom dit ook van God. Gaan dan na Hom toe in die gebed, bely u sonde

voor Hom en vra Hom om dit te vergewe deur Jesus Christus van wie u aanneem dat Hy die enigste Redder is.

Goeie dade kan u nie in die hemel bring nie.

'n Voorbeeldige lewe verleen u geen toegang nie.

Daar is maar net een naam onder die hemel gegee waardeur ons gered moet word: die naam Jesus Christus. En daar in die hemel waar Hy nou is, sal God se kinders ook eenmaal wees.

Hulle wat in Hom geglo het, geniet reeds die ewige geluksaligheid in die Vaderhuis met sy baie wonings.

En as u waarlik in Jesus as u Heiland en Verlosser glo, sál u ook eenmaal daar kom. Uit genade.

God sê dit in die Bybel, sy Woord.

Sal ons mekaar daar ontmoet?

P. G. Geertsema.